



MAKLIK MAAR MOOI

Hierdie
gemaklike
rok, wat so
maklik is om
te maak,
verleen 'n
tikkie
elegansie aan
die aande tuis

deur HENRIETTE LOUW

GROOTTE: Dit sal groottes 78 cm — 97 cm pas. Voltooide lengte agter vanaf hals tot by soom is 127 cm.

BENODIGDHEDE: 1,8 m materiaal, 137 cm breed; bypassende garing; 'n balpuntpen.

PATROON: Teken voorpant, agter-

pant en seintuur volgens diagram op papier (1,5 cm word vir nate toegelaat en 5 cm vir soom).

UITKNIP VAN PATROON: Vou materiaal oorlangs dubbel en rangskik patroondele op materiaal soos aangedui.


AANWYSINGS: Plaas regte kante op

mekaar, stik agternaat toe en pars oop. Stik voor- en agterpant al langs skouernate en oor verlenging toe en begin 1,5 cm vanaf hals. Pars nate oop. Vou 1,5 cm by hals om en ryg vas. Stik twee rye bostiksel rondom hals.

Stik mou- en synate aaneen toe. Begin by gewrig en eindig 51 cm vanaf soomrand, vir splete. Vou eers 5 cm onder om vir soom en pars dan 1,5 cm by splete om na verkeerde kant en ryg vas. Stik twee rye bostiksel rondom splete en soom.

Knip nate onder arms in en pars oop. Vou 1,5 cm vir mousome om en stik met twee rye bostiksel vas.

SEINTUUR: Las seintuurstroke aanmekaar om seintuur te vorm wat lank genoeg is om twee keer rondom middel te draai. Vou al die rande 1,5 cm om en stik vas met twee rye bostiksel.



MATERIAAL-UITLEG

